



# Noord-Kaapland

*Saam luister ons na die Woord van die Here en loop só saam op die pad dat ons ons roeping ontdek en mekaar moed en hoop gee om dit uit te leef.*

4 Desember 2019



## Noord-Kaap Droogte: Kinders se Toekoms... die feite van skooluitgawes

As dit met jou kinders goed gaan, gaan dit met jou goed. Hoe kry 'n ouer dit reg om die spanning van kinders af weg te hou dat daar nie meer geld is vir skool, koshuis of

universiteit nie. Selfs vir sporttoerusting en skoolbenodighede, om nie eers te praat van sakgeld nie.

Dis hoe 'n begroting van twee kinders van omtrent graad 7 en 10 lyk wat in die koshuis is en op 'n ander dorp en 120km vër skool toe moet ry. Meeste kinders se skool is meer as 120km van hulle huis af:

Koshuisgelde vir 2 kinders: R49 200

Skoolfonds vir graad 7: R10 150

Skoolfonds vir graad 10: R12 200

Brandstof (sodat kinders naweke huis toe kan gaan): R45 000

Totaal R116 550 (per jaar)

NG Gemeentes Keimoes en Neilersdrif het 'n studiefonds op die been gebring waaruit hulle vanjaar reeds R1miljoen se agterstallige tersiêre fondse betaal het. Met 2020 op ons voorstoep, is ouers reeds raadop oor hoe hulle volgende jaar se verpligtinge moet nakom. Die ad-hoc Taakspan Gemeenskapsversorging gaan soos ons fondse insamel, ook oorbetalings aan die studiefonds doen sodat alle skool- en universiteitsverwante verpligtinge uit een fonds geadministreer word.

Die ad-hoc Taakspan vir Gemeenskapsversorging het gister, Dinsdag 3 Desember, weer in Kimberley vergader vir beplanning hoe om fondse in te samel en ook 'n werkswyse om gemeenskappe geestelik te versorg. Indien enige iemand betrokke wil raak of ondersteuning wil bied, kontak ons gerus.

Een van ons gemeentedele sê altyd: "As jy vir my kinders goed is, is jy vir my goed." Kom ons wees goed vir kinders! Raak betrokke! Ondersteun! Hetsy in die vorm van geestelike ondersteuning, 'n donasie, of om 'n fondsinzameling te reël. Donasies kan in die volgende rekening inbetaal word:

Rekeningnaam: NG Kerk in Noordkaapland

Bank: Absa

Tipe rekening: Tjekrekening

Rekeningnommer: 940 580 684

Takkode: 500 902

**NB!** Verwysing: **Droogte en naam van donateur**

**Navrae:** Ds Kobus van Tonder (voorsitter van die ad-hoc Taakspan Gemeenskapsversorging)

E-pos: [kobusvt04@gmail.com](mailto:kobusvt04@gmail.com)

Selnommer: 076 530 4028

*(Hanelie van Tonder - sekretaresse ad hoc Taakspan Gemeenskapsversorging)*

---